

In die bekende hofsak Raubenheimer vs. Raubenheimer (saaknr. 560/2011, 2012) het regter Eric Leach dié blywende woorde gebruik: “It is a never-ending source of amazement that so many people rely on untrained advisors when preparing their wills, one of the most important documents they are ever likely to sign.”

Tydens ’n onlangse konsultasie is ’n testament aan my voorgehou vir ’n mening. Ek kan nie anders as om die omstandighede en die blatanse misdadigheid daarvan met lesers te bespreek nie.

’n Man en vrou is buite gemeenskap van goedere getroud en die man is oorlede tydens die hoogtepunt van die covid-19-pandemie.

Die egpaar het suksesvolle besighede in private maatskappye bedryf. Die oorledene se boedel word soos volg bemaak: “Die testateur skenk (vreemde woorde om te gebruik – bates word bemaak, nie geskenk nie!) sy boedel as volg en gebaseer op verskeie voorwaardes, soos hieronder uiteengesit:

1. Die opbrengs van alle lewenspolisse aan die ABC-trust wat gestig moet word ná my dood. (Dan word die polisse gelys. Dit blyk egter dat die polisse begunstig is aan die langsllewende, wat die bepaling in die testament irrelevant maak.)
2. ’n Nominale bedrag word bemaak aan twee kleinseuns, maar as hulle nie die ouderdom van 35 jaar bereik het nie, dan vestig die erflating in trust.”

Dan gaan die testament voort en bemaak lukraak bates aan die te stigte trust met voorwaardes dat die trustees geld uit die polisse wat hierbo



## Die belangrikheid van ’n goed deurdagte testament, opgestel deur ’n opgeleide en kundige persoon, is oor die jare al keer op keer deur skrywers van hierdie rubriek beklemtoon. Tog is skokkend swak testamente steeds algemeen.

“geskenk” word aan die trust, moet gebruik om skuld van die maatskappy en aandele wat ook elders aan die trust geskenk word, te delg.

Dan word bates van persoonlike aard aan die testatrise bemaak, en die restant aan die trust (ABC). Dan word bepaal dat die trust met die afsterwe van die testatrise ontbind en die bates verdeel moet word aan sekere erfgename wat nie begunstigdes in die trust is nie.

Die ongelooflike is dat die inhoud en bepaling van die te stigte testamentêre trust totaal ontbreek. Hoewel daar trustees aangewys word, word daar geen begunstigdes aangewys nie!

Die langsllewende word bloot geïmpliseer as ’n begunstigde en sekere erfgename word gelys as synde die ontvangers van die kapitaal van die trust by afsterwe van die langsllewende te wees.

### TESTAMENTÊRE TRUST

Kom ons kyk ’n bietjie na die elemente van ’n testamentêre trust. ’n Testamentêre trust is een van die tipes trusts wat ’n mens in Suid Afrika kry en is uniek in die sin dat dit nie ’n

kontrak is, soos inter vivos- of lewende trusts nie. Dit word opgerig deur die testateur of testatrise ingevolge sy of haar testament. Die testament is dus die enigste dokument wat gebruik word in die registrasie van die testamentêre trust by die betrokke meester.

Die feit dat duidelike voorskrifte en begunstigdes in die voorbeeld hierbo ontbreek of hoogstens geïmpliseer word, is ’n resep vir chaos.

’n Trust kan nie geregistreer word sonder dat begunstigdes duidelik geïdentifiseer is nie.

Die bedoeling van hierdie erflater kom tog na vore, naamlik dat hy sy eggenote wou versorg laat deur byvoorbeeld te bepaal dat die maatskappy wat “geskenk” word aan die trust, moet voortgaan om die eggenote te vergoed, gebaseer op die volgende: “Dat my vrou, Sarie (fiktief) ’n inkomste kry uit die besigheid gebaseer op haar gradering op datum van afsterwe totdat die besigheid staak of totdat sy bedank.”

Hierdie bepaling is geen versorging nie. Sy het beslis geen waarborg dat sy steeds ’n inkomste gaan ontvang nie. Word sy verplig om aan te hou werk?

Weer ’n klomp onduidelikhede wat chaos kan en na alle waarskynlikheid sál veroorsaak!

Nou gaan hierdie stukkie “misdadigheid” nog verder, en word bepaal as die besigheid beëindig word (geen aanduiding van hoe en wanneer nie), word die bates, wat nou aan die trust behoort, soos volg verdeel:

- “16% van die waarde aan my dogter, Anna.
- 16% van die waarde aan die ABC-trust vir die versorging van my vrou, Sarie (dit behoort reeds aan die trust).
- 34% van die waarde en 50% van die aandele aan werknemer J.
- 34% van die waarde en 50% van die aandele aan werknemer D.”

Die maatskappy word dus twee keer in waarde en aandele verdeel!

Só kan ons aangaan en hierdie saak verder ontleed. Die betrokke testament is deurspek met foute en dieselfde “misdadigheid” gaan na alle waarskynlikheid voortduur, aangesien dieselfde persoon wat die opsteller is, ook die eksekuteur en ’n trustee is. Die ruimte ontbreek om al die risiko’s en slaggate (en daar is nog heelwat) hier uit te lig.

Die doel is om die belangrikheid van kundige advies te beklemtoon. Kom ons hoop dat hierdie saak tot voordeel van die erfgename opgelos kan word. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is ’n lid van Fisa en ’n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: [info@allegiance.co.za](mailto:info@allegiance.co.za)